# Bronnies Kleuterland hou kleurvolle sirkus-konsert

Bronnies Kleuterland het Saterdag 30 November hul jaarlikse konsert gehou, en hierdie jaar was die tema 'n vrolike sirkus-tema! Die opwinding en geesdrif het die lug gevul toe ouers, kinders en personeel bymekaargekom het in Hoërskool Heilbron se saal vir 'n oggend vol pret en verrassing.

Die jong kleuters het met kleurvolle kostuums en groot glimlagte op die verhoog verskyn en die gehoor betower met hul optredes. Die ouers en gaste is verder bederf met 'n spesiale verrassing toe twee van die ouers, soos 'n nar aan getrek was, en tydens pouse verversings aan gaste uitgedeel het. Dit het gesorg vir 'n ware sirkus-atmosfeer wat niemand gou sal vergeet nie.

Die oggend was nie net 'n viering van die kinders se talent en kreatiwiteit nie, maar ook 'n spesiale geleentheid vir die Graad RR-leerlinge wat hul kleuterskoolreis afgesluit het. Elke Graad RR is hartlik op die verhoog verwelkom en gelukgewens voordat hulle die volgende stap na die "groot skool" aanpak. Hulle het elkeen 'n spesiale geskenk ontvang as herinnering aan hul tyd by Bronnies Kleuterland – 'n kosbare bederf wat hulle altyd sal koester.








## In Memorium

* 16.12.1984 † 22.08.2008

Lizé-Mari



Soms het jy nodig om tot stilstand te kom...
te huil oor wat jy verloor het...
Jy moet besef dat al die hartseer nooit sal weggaan maar in tyd beter sal word...
Jy mag huil,
Jy mag mis,
Jy mag onthou...

Soms is die gisters vol hartseer maar die môres vol nuwe uitdagings...
Soms moet ons stil word en die Here dank vir mooi herinneringe.

*Vandag vier jy jou 40ste verjaarsdag in die Hemel.*







